

202/92

Saak Nr 694/91

IN DIE HOOGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPÈLAFDELING)

In die saak tussen:

RICHARD MATHONSI

Appellant

en

DIE STAAT

Respondent

CORAM: E M GROSSKOPF, KUMLEBEN, ARR, HOWIE, Wn AR

VERHOOR: 3 November 1992

GELEWER: 23 November 1992

U I T S P R A A K

E M GROSSKOPF, AR

Die appellant is in die Witwatersrandse Plaaslike Afdeling deur M J STRYDOM R en assessore skuldig bevind op 'n aantal klagtes, insluitende drie moordklagtes. Op elk van twee van die moordklagtes is hy ter dood veroordeel. Hy kom nou in hoër beroep teen die twee doodvonnisse. Hoewel daar dus geen appèl teen die skuldigbevindinge en vonnisse ten opsigte van die ander klagtes is nie, is dit nodig om die hele relaas van gebeure uiteen te sit omdat dit ter sake is by die beoordeling van die vraag of die oplegging van die doodvonnisse onder die omstandighede gehandhaaf behoort te word. In die uiteensetting wat volg het ek vryelik geleen uit die uitspraak van die verhoorhof.

Op 3 Junie 1990 om ongeveer 16h00 het ene Victor Simango met sy werkgewer se blou Toyota Hilux bakkie in Dobsonville gery. By die kruising van Mphepheta- en Mainstraat het hy by 'n stopteken stilgehou. Terwyl hy en sy passasier, Lucky, gesels het en gewag het vir verkeer om

verby te gaan, het twee mans hul bakkie genader. Een van hulle het 'n vuurwapen op Simango gerig en sy ander hand deur die oop venster van die bestuurdersdeur gesit, die sleutel van die bakkie uitgehaal en vir Simango beveel om uit te klim. Die ander man het vir Lucky beveel om die bakkie te verlaat. Die twee insittendes het uitgeklim en die twee rowers het in die bakkie weggery. Die appellant was een van die twee rowers. Hy is skuldig bevind op hierdie klag (klag 1) aan roof met verswarende omstandighede en gevonnisd tot tien jaar gevangenisstraf.

Die volgende insident het enkele minute ná die rooftog plaasgevind. Ene Alpheus Malope het saam met 'n vriend, Isaac More, in laasgenoemde se motor in Mainstraat, Dobsonville, gery. By die kruising van Mainstraat en Robertweg het hulle by 'n stopteken stilgehou. Die blou Toyota bakkie wat die voorwerp van die eerste klagte is, het langs hulle stilgehou. Die appellant, wat 'n passasier in die bakkie was, het in kru taal vir Isaac More beskuldig dat

hy swak bestuur. More het uitgeklim, na die bakkie gegaan, en wou van die appellant weet hoekom hy sê dat hy (More) swak bestuur. Die bestuurder van die voertuig het vir More aangesê om te "voertsek". More het omgedraai en op pad terug na sy voertuig het die appellant hom in sy rug geskiet. Die skoot was noodlottig. Dit het vir Malope voorgekom dat die appellant ook op hom wou skiet en hy het agter die motor gaan skuiling soek. Die bakkie het weggetrek. Ten opsigte van die moord op More (klag 2) is die appellant ter dood veroordeel.

Omtrent 'n uur na die moord op More (dws. omtrent 17h00) het die appellant die moeder van David Ntoagae (die oorledene in die derde klag) teengekom naby haar huis in Dobsonville. Hy het 'n vuurwapen in sy hand gehad en vir haar gesê dat hy nie weer met David sou baklei nie. Hy het toe met die blou bakkie weggery, gevolg deur 'n klompie vriende in 'n ander voertuig. Om ongeveer 19h30 is David van sy huis af weg, en het ongeveer 20h00 by Foreman se sjebien

aangekom. Daar het hy by vriende gesit. Die appellant was ook in die sjebien. Later het David en die appellant albei die sjebien verlaat en in 'n woordewisseling betrokke geraak. Die appellant het 'n vuurwapen uitgetrek en David doodgeskiet. David het neergeval en die appellant het weggehardloop. Ten opsigte van hierdie klag (klag 3) is die appellant aan moord skuldig bevind en gevonniss tot vyftien jaar gevangenisstraf.

Die bogemelde drie misdrywe is aldie op 2 Junie 1990 gepleeg. Die laaste insident was amper vier maande later, op 23 September 1990. Om ongeveer 20h15 op daardie dag het Magdeline Zwane en Lindiwe Shongwe (die oorledene in klag 4) na 'n stokvel in Dobsonville gegaan. Gedurende die aand het 'n jong man by name Bowa na Lindiwe gegaan en 'n versoek aan haar gerig. Sy het geweier, en Bowa het haar geklap. Lindiwe het begin huil. Die appellant het Lindiwe genader en gevra hoekom sy huil. Sy het hom vertel dat Bowa haar geklap het. Die appellant het na Bowa gestap en hom

aangepraat. Lindiwe en Magdeline is daarna na 'n toilet.

Die appellant het hulle gevolg en vir Lindiwe uit die toilet na die straat getrek. Lindiwe het gehuil en geskree en die appellant het haar geslaan. Magdeline is toe weg en langs pad het sy Lindiwe se kêrel, Jabalani Mabunda, ontmoet en hom vertel wat met Lindiwe gebeur het. Hy is toe na die stokvel waar hy Lindiwe gekry het en haar na haar huis toe geneem het. Terwyl hulle langs haar huis gestaan en gesels het, het die appellant vanuit 'n skadukol in die nabyheid 'n skoot op haar geskiet. Dit het haar long en hart gepenetreer. Sy het geval. Die appellant het weggehardloop en agter in 'n motor gespring wat weggery het. Lindiwe is dood as gevolg van die skoot. Die appellant is skuldig bevind aan haar moord en ter dood veroordeel.

Benewens die vier klagtes waarna ek hierbo verwys het, is die appellant skuldig bevind aan oortredings van die Wet op Wapens en Ammunisie, no. 75 van 1969, en gevonniss tot 'n totaal van 21 maande gevangenisstraf, wat gelas is om saam

te loop met die vonnis van tien jaar gevangenisstraf wat t.o.v. die eerste klag opgelê is. Daar is nie gelas dat die vonnisse op klag 1 en klag 3 moet saamloop nie, en die appellant is dus gevonniss tot 'n effektiewe tydperk van 25 jaar gevangenisstraf benewens die twee doodvonnisse.

Die indruk van 'n gewetenlose geweldenaar wat geskep word deur die gebeure van Junie en September 1990 staan in kontras met die getuienis omtrent die appellant se lewensomstandighede en verlede. Ten tye van die gebeure was hy 24 jaar oud. Wat sy vorige veroordelings betref, meld die verhoorregter in sy uitspraak oor vonnis dat die appellant twee veroordelings het in 1983, een vir huisbraak met die opset om te steel en diefstal, en een vir diefstal. Dit is miskien 'n onakkuraatheid aan die kant van die verhoorregter. Die afskrif van die SAP 69 wat in die rekord voorkom, toon net 'n veroordeling vir huisbraak en diefstal, en die oorkonde toon ook duidelik dat daar ná skuldigbevinding net een vorige veroordeling teen die appellant bewys is. Hoe dit

ook al sy, ten tyde van die vorige veroordeling of veroordelings was die appellant 17 jaar oud, en hy is gevonniss tot 6 houe met die ligte rottang as straf vir die oortreding of oortredings waaraan hy skuldig bevind is. Hy het dus geen geskiedenis van geweldsmisdade voor die huidige oortredings nie, en het as volwassene glad nie met die gereggebots nie. Hy het dus ook nog nooit gevangenisstraf ondergaan nie.

Volgens die getuienis het die appellant 'n suksesvolle besigheid bedryf deur klere in Durban te koop en in die Transvaal te verkoop. Hy het saam met 'n vrou geleef ten opsigte van wie hy reeds gedeeltelik lobola betaal het. Hy het een kind by haar. Dan het hy ook 'n kind uit 'n vroeëre verhouding. Hy het sy onderhoudsverpligtings teenoor sy kinders nagekom.

By die bepaling van strafverswarende en -versagtende faktore is dit gerieflik om eers elkeen van die twee klagtes ten opsigte waarvan die doodvonnis opgelê is,

apart te behandel. Wat klagte 2 betref (die moord op More) lê die strafverswarende faktore voor die hand. Die moord was koelbloedig en sonder provokasie. Die appellant het hoogs waarskynlik die direkte opset gehad om te dood, maar selfs al sou 'n mens veronderstel dat hy bloot met dolus eventualis opgetree het, is sy daad om die oorledene op 'n kort afstand in die rug te skiet so roekeloos, en met so 'n hoë risiko dat dit die dood kan veroorsaak, dat dit in morele laakbaarheid nie juis terugstaan vir 'n moord wat met direkte opset gepleeg is nie.

Mej. Havenga, wat namens die appellant verskyn het, het beklemtoon dat die moord sonder voorbedagtheid en op die impuls van die oomblik gepleeg is. Dit is natuurlik waar, en behoorlike gewig moet aan hierdie faktor gegee word. Verder het sy betoog dat die appellant heel moontlik in woede opgetree het. Die appellant het deurgaans ontken dat hy die daad gepleeg het, en ons het dus geen getuienis van sy kant oor wat hom daartoe beweeg het nie. Maar selfs al sou 'n

mens veronderstel dat hy kwaad was sou die waarde van sy toorn as 'n strafversagtende faktor afhang van die gronde daarvoor. Redelose woede kan tog nie afdoen aan die erns van 'n moord nie. Indien die appellant in die onderhawige geval woedend was, was dit as gevolg van beweerde swak bestuur deur More wat die appellant geen skade of besering veroorsaak het nie, en wat, sover 'n mens uit die rekord kan vasstel, geen gevaar van skade of besering geskep het nie. En die appellant het ook nie in die woede van die oomblik op More geskiet nie. Daar was 'n kort gesprek, en die skoot het gevolg toe More reeds op pad terug na sy motor was. Ek meen dus nie dat die appellant se woede, as dit inderdaad bestaan het, 'n strafversagtende faktor was nie.

Dit bring my dan by klag 4, die moord op Lindiwe Shongwe. Hier weereens lê die verswarende faktore voor die hand. Die appellant het sonder enige provokasie die oorledene op 'n kort afstand doodgeskiet. Oor die redes wat hiertoe aanleiding gegee het, sê die verhoorhof die

volgende:

"Dat jy moontlik kwaad geword het omdat Lindiwe nie positief op jou attenties wou reageer nie, mag wel so wees. Jy het egter jou attenties op haar afgedwing deur haar eers uit die toilet na die straat te trek en haar dan aan te rand. Daarna verloop 'n aansienlike tyd tot op die stadium dat jy haar doodskiet. Haar vriendin, Magdaline, stap eers na haar huis, loop Jabulani raak en vertel hom wat gebeur het, daarna gaan hy na die smokkelkroeg waar hy Lindiwe vind en die twee van hulle stap dan eers na Magdaline se huis en daarna na Lindiwe se huis wat 'n hele paar straatblokke van die smokkelkroeg geleë was. Terwyl Jabulani en Lindiwe by laasvermelde se huis staan en gesels, skiet jy haar koelbloedig dood. Wanneer daar na die tydsverloop gekyk word is dit duidelik dat jy oorgenoeg tyd gehad het om jou frustrasie oor haar weiering van jou attenties af te skud. Dit doen jy nie. Jy is in 'n motor na haar huis waar jy óf vir haar aankoms gewag het óf kort na haar aankoms gearriveer het. Sonder veel seremonie skiet jy haar een skoot deur die borskas, hardloop van die toneel af weg, spring agter in 'n motor wat vir jou gewag het en ry weg. Uit al die gegewe en bewese feite kan daar slegs een afleiding gemaak word en dit is dat jy na haar huis is om haar van kant te maak. Dit doen jy dan ook op koue en koelbloedige wyse en jaag van die toneel af weg."

Voor ons is geargumenteer dat die verhoorhof se afleiding dat die appellant na die oorledene se huis gegaan het met die oogmerk om haar van kant te maak, nie die enigste

moontlike afleiding uit die getuienis is nie. Dit is ook redelik moontlik, so word betoog, dat die appellant na Lindiwe se huis is om weer haar guns te soek; dat hy toe vir Lindiwe sien praat het met 'n ander man, en haar impulsief geskiet het. Daar is egter geen getuienis om hierdie teorie te staaf nie. Die appellant self het valslik ontken dat hy hoegenaamd by die moord betrokke was. Uit die staatsgetuienis is dit duidelik dat die appellant by Lindiwe se huis geen poging aangewend het om toenadering te soek nie, maar onmiddellik geskiet het.

Daar is aan die hand gedoen dat hy hiertoe beweeg kon gewees het deur Jabulani se aanwesigheid. Dit is egter blote bespiegeling. Dit volg nie uit die getuienis of uit inherente waarskynlikhede nie. As die appellant bloot toenadering wou soek, kon hy dit gedoen het terwyl Jabulani teenwoordig was, of kon hy gewag het tot Jabulani vertrek het, of kon hy weggegaan het en later teruggekeer het. In hierdie verband moet daarop gelet word dat daar nie ten tyde

van die gebeure enige verhouding tussen die appellant en Lindiwe was nie. Magdeline Zwane het onder kruisverhoor soos volg hieroor getuig:

"En die beskuldigde sal ook sê dat Lindiwe was 'n vriendin van hom gewees. -- Nee, sy was nie beskuldigde se vrymeisie gewees nie. Beskuldigde wou gehad het dat sy moet sy vrymeisie word, maar sy het geweier en dit is lank gelede. Nee maar die beskuldigde sal sê dat sy sy vrymeisie was 'n ruk vantevore, nie op daardie stadium nie, maar vroeër. -- Nee."

In sy getuienis het die appellant probeer te kenne gee dat daar wel 'n verhouding tussen hom en Lindiwe was ten tyde van haar dood. In die lig van Magdeline se getuienis asook die weergawe wat aan haar gestel is van wat die appellant se getuienis sou wees en sy algemene ongeloofwaardigheid, is hierdie getuienis van hom verwerplik. Daar was dus geen rede hoekom dit hom tot moord sou dryf as hy haar in die geselskap van 'n ander man gesien het nie.

Kortom: die appellant het na Lindiwe se huis gegaan en haar onmiddellik na haar aankoms doodgeskiet sonder om 'n woord te sê. In die afwesigheid van enige

verduideliking van hom is die enigste redelike afleiding dat hy vir daardie doel soontoe gegaan het. (vgl. S. v. Rama 1966(2) SA 395 (A) op bl. 400 H - 401 C en S. v. Steynberg 1983(3) SA 140 (A) op bl. 146 F - 148 E). Ek stem dan ook saam met die verhoorhof dat dit 'n verswarende faktor was dat die appellant Lindiwe se dood vooraf beplan het.

As versagtende faktor is daar aan die hand gedoen dat die appellant op die betrokke aand drank gebruik het. Dit lyk moontlik, en selfs waarskynlik, dat hy inderdaad daardie aand gedrink het. Daar is egter niks om aan te dui dat die appellant se drankiname 'n beduidende rol by die moord gespeel het nie, en ek stem dus saam met die verhoorhof dat die appellant se drankiname nie as 'n sterk versagtende faktor in aanmerking geneem kan word nie.

Uit die voorgaande blyk dit dat by albei van die moorde waarvoor die doodvonnisse opgelê is, die strafverswarende faktore heelwat gewigtiger is as die strafversagtende faktore. Saam hiermee moet dan ook oorweeg

word die appellant se agtergrond en persoonlikheid asook die algemene gemeenskapsbelang, en die oogmerke van strafoplegging. Die appellant is nog 'n jong man, en vir alle praktiese doeleindes is hy 'n eerste oortreder. Sy lewe vóór die gebeure wat aanleiding gegee het tot die onderhawige klagtes was, sover ons weet, sonder ernstige blaam. 'n Mens sou graag vir hom die geleentheid wou gegee het om te hervorm. Die moeilikheid is egter dat hy nie skuldig is aan een moord nie, maar aan 'n rooftog en drie moorde, gepleeg binne 'n tydperk van minder as vier maande, wat almal tot 'n meerdere of mindere mate brutaal en koelbloedig was. Soos die hof a quo bevind het is hy 'n man wat klaarblyklik nie skroom om dood te maak as hy nie sy sin kry nie. Dit lyk vir my uiters twyfelagtig of hy vatbaar vir rehabilitasie sou wees, maar in elk geval meen ek dat die beskerming van die publiek die hoogste prioriteit moet geniet in hierdie saak. Ek het versigtig oorweeg of die publiek nie genoeg beskerm sou word as die appellant lewenslange gevangenisstraf opgelê

word nie. Ek meen egter dat die ongeërgde manier waarop hierdie moorde gepleeg is so laakbaar is en so 'n gevaar van herhaling inhou dat die swaarste straf waarvoor die regvoorsiening maak, opgelê behoort te word ten einde die publiek te beskerm, ander van soortgelyke optrede af te skrik, en uiting te gee aan die gemeenskap se afgryse.

Bygevolg word die appèlle teen die doodvonnis op klagtes twee en vier afgewys.

E M GROSSKOPF, AR

KUMLEBEN, AR
HOWIE, WnAR Stem saam